OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

of South West Africa.

Published by Authority.

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegee op gesag.

1/- **Tuesday, 6th June, 1933.** **WINDHOEK** **Dinsdag, 6 Junie 1933.** **No. 515**

The following Government Notice is published for general information.

H. P. SMIT,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek,

No. 90.] [5th June, 1933.

ORDINANCES, 1933: PROMULGATION OF.

His Honour the Administrator has been pleased to assent, in terms of Section *thirty-two* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of Section *thirty-four* of the said Act:—

No.	*Title.*	*Page.*
1.	Appropriation (Part) Ordinance, 1933	8503
2.	Tobacco Growers Protection Ordinance, 1933	8503
3.	Municipal Amendment Ordinance, 1933	8504
4.	Stock Brands Ordinance Amendment Ordinance, 1933	8504
5.	Unauthorised Expenditure (1931—'32) Ordinance, 1933	8505

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene informasie gepubliseer.

H. P. SMIT,
Sekretaris vir Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 90.] [5 Junie 1933.

ORDONNANSIES 1933: UITVAARDIGING VAN.

Dit het Sy Edele die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van "De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925" (Wet No. 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansies wat hiermee vir algemene informasie gepubliseer word ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—

No.	*Titel.*	*Bladsy.*
1.	Middele (Deel) Ordonnansie 1933	8503
2.	Ordonnansie van 1933 betreffende die Beskerming van Tabak-verbouers	8503
3.	Munisipale Wysigingsordonnansie 1933	8504
4.	Veebrandmerke-Ordonnansie Wysigings-Ordonnansie 1933	8504
5.	Ongeoutoriseerde Uitgawes (1931—'32) Ordonnansie 1933	8505

Ord. No. 1 of 1933.]

ORDINANCE

To apply a sum not exceeding two hundred and fifty-four thousand and fifty pounds towards the service of the Territory of South West Africa for the year ending the thirty-first day of March, 1934.

(Assented to 5th June, 1933.)
(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. On and after the first day of April, 1933, there may be issued out of the Administration Account of the Territory of South West Africa such sums of money, not exceeding in the aggregate the sum of two hundred and twenty-four thousand and fifty pounds for revenue services and thirty thousand pounds for loan services as may from time to time be required for the service of the Territory for the year ending the thirty-first day of March, 1934, until such time as provision is made therefor by law.

2. All sums issued under the provisions of this Ordinance shall be deemed to be advances on Account of an appropriation to be made by law for the year ending the thirty-first day of March, 1934, and immediately on the commencement of such law, this Ordinance shall cease to have effect and issues already made hereunder shall be deemed to be issues under that law, and shall be accounted for in accordance with the provisions thereof:

Provided that no services for which expenditure has not been incurred during the financial year ended the thirty-first day of March, 1933, shall be deemed to be authorized under this Ordinance.

3. This Ordinance may be cited for all purposes as the Appropriation (Part) Ordinance, 1933.

Ord. No. 1 van 1933.]

ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n som van nie meer as tweehonderd vier-en-vyftigduisend en vyftig pond ten behoewe van die diens van die Gebied van Suidwes-Afrika vir die jaar, wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1934 eindig.

(Goedgekeur 5 Junie 1933.)
(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied van Suidwes-Afrika as volg:—

1. Op en na die eerste dag van April 1933 kan uit die Administrasierekening van die Gebied van Suidwes-Afrika sodanige somme geld betaal word, in die totaal van nie meer as tweehonderd vier-en-twintigduisend en vyftig pond vir inkomstedienste en dertigduisend pond vir leningsdienste, as van tyd tot tyd vir die diens van die Gebied vir die jaar, wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1934 eindig, benodig mag wees, tot sodanige tyd dat voorsiening daarvoor deur wet gemaak word.

2. Alle somme, wat kragtens die voorsienings van hierdie Ordonnansie uitbetaal word, word beskou as voorskotte op rekening van geld, wat deur wet vir die jaar, wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1934 eindig, beskikbaar gestel sal word, en onmiddellik by die inwerkingtreding van sodanige wet hou hierdie Ordonnansie op van krag te wees, en betalings wat reeds kragtens hierdie Ordonnansie geskied is, word beskou betalings kragtens daardie wet te wees, en moet ooreenkomstig die voorsienings daarvan in rekening gebring word:

Met voorbehoud, dat geen dienste waarvoor geen uitgawes gemaak is gedurende die finansiële jaar, wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1933 geëindig het, beskou word as kragtens hierdie Ordonnansie goedgekeur.

3. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleindes as die Middele (Deel) Ordonnansie 1933, aangehaal word.

Ord. No. 2 of 1933.]

ORDINANCE

To provide for the control of the importation and sale of tobacco used for farming purposes, as a measure of protection for the growers of tobacco in this Territory.

(Assented to 5th June, 1933.)
(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. (1) No person shall introduce or cause to be introduced into the Territory lick and dip tobacco except under the authority of a permit issued by the Secretary for South West Africa or by some person authorised by him.

The Secretary or such authorised person may issue such permit subject to such conditions as he may deem fit.

(2) Such permit shall state the quantity of tobacco the importation of which it authorises, the names and addresses of the seller and purchaser thereof, the approximate date of the intended importation and the route and means of conveyance by which the consignment is to travel.

Ord. No. 2 van 1933.]

ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die kontrole van die invoer en verkoping van tabak wat vir boerdery-doeleindes gebruik word, as 'n maatreël van beskerming van die verbouers van tabak in hierdie Gebied.

(Goedgekeur 5 Junie 1933.)
(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika as volg:—

1. (1) Niemand mag lek- en dip-tabak in die Gebied invoer of laat invoer nie tensy hy daartoe gemagtig is deur 'n permit uitgereik deur die Sekretaris vir Suidwes-Afrika of deur een of ander persoon wat deur hom gemagtig is.

Die Sekretaris of sodanige gemagtigde persoon kan sodanige permit uitreik onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy geskik ag.

(2) Sodanige permit moet die hoeveelheid van die tabak waarvan die invoer gemagtig word, vermeld sowel as die name en adresse van die verkoper en koper daarvan, die datum waarop dit ongeveer ingevoer sal word en die roete waarlangs en die middele van vervoer waarmee die besending gestuur sal word.

2. No person shall sell lick and dip tobacco unless it has been treated in a manner prescribed by regulation.

3. Any person who contravenes or evades the provisions of this Ordinance or any condition attached to the issue of a permit under section *one*, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty pounds or in default of payment to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding six months.

4. This Ordinance may be cited as the Tobacco Growers Protection Ordinance, 1933.

Ord. No. 3 of 1933.]

ORDINANCE

To amend the law relating to the disqualification of voters at municipal elections.

(Assented to 5th June, 1933.)
(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. In this Ordinance the expression "the principal Proclamation" means the Municipal Amendment Proclamation, 1922 (Proclamation No. 1 of 1922).

2. Section *twenty-two* of the principal Proclamation is hereby amended by the deletion of the words "the non-payment of rates, or" occurring in sub-paragraph (ii) of paragraph (e) of sub-section (1) thereof.

3. Section *thirty-one* of the principal Proclamation is hereby amended by the deletion of sub-section (4) thereof.

4. Section *sixty-one* of the principal Proclamation is hereby amended—

(a) by the deletion of the fourth question occurring therein, and the renumbering of the fifth question as the fourth; and

(b) by the deletion of the words "the first and fourth or the first and fifth of such questions, as the case may be," occurring therein, and the substitution therefor of the words: "the first and (in the case of a person enrolled as an occupier) the fourth of such questions,".

5. This Ordinance may be cited as the Municipal Amendment Ordinance, 1933.

Ord. No. 4 of 1933.]

ORDINANCE

To provide for the amendment of the law relating to the branding of stock.

(Assented to 5th June, 1933.)
(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Sub-section (1) of section *eleven* of the Stock Brands Ordinance, 1931 (Ordinance No. 8 of 1931), is hereby repealed and the following new sub-section substituted therefor:—

"11. (1) When an animal is branded with a registered brand for the first time, the brand shall be placed upon the left hind thigh.

If for any reason it becomes necessary to brand stock which have already been branded, the new brand shall be placed:

(a) on a second branding on the left shoulder,

(b) on a third branding on the left side of the neck,

2. Niemand mag lek en dip tabak verkoop nie tensy dit op die manier voorgeskryf by regulasie behandel is.

3. Enige persoon wat die bepalings van hierdie Ordonnansie of enige voorwaarde verbonde met die uitreiking van 'n permit ingevolge artikel *een*, oortree of ontduik, is skuldig aan 'n oortreding, en, by skuldigbevinding, blootgestel aan 'n boete van hoogstens vyftig pond, of, by wanbetaling aan gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

4. Hierdie Ordonnansie kan aangehaal word as die Ordonnansie van 1933 betreffende die Beskerming van Tabakverbouers.

Ord. No. 3 van 1933.]

ORDONNANSIE

Om die Wet betreffende die Diskwalifikasie van Kiesers by Munisipale Verkiesings te wysig.

(Goedgekeur 5 Junie 1933.)
(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika as volg:—

1. In hierdie Ordonnansie beteken die uitdrukking "die Hoofproklamasie" "De Municipale Wijziging Proklamatie 1922" (Proklamasie No. 1 van 1922).

2. Artikel *twee-en-twintig* van die Hoofproklamasie word hierby gewysig deur die skrapping van die woorde "het niet betalen van belasting of" wat in sub-paragraaf (ii) van paragraaf (e) van subartikel (1) daarvan voorkom.

3. Artikel *een-en-dertig* van die Hoofproklamasie word hierby gewysig deur die skrapping van subartikel (4) daarvan.

4. Artikel *een-en-sestig* van die Hoofproklamasie word hierby gewysig deur—

(a) die skrapping van die vierde vraag wat daarin voorkom en die nomerering van vraag vyf as vraag vier; en

(b) die skrapping van die woorde "de eerste en vierde of eerste en vijfde vraag, zoals het geval zal zijn" wat daarin voorkom en die vervanging daarvan deur die woorde: "de eerste en (in het geval van een persoon die als bewoner ingeschreven is) de vierde dier vragen,".

5. Hierdie Ordonnansie kan aangehaal word as die Munisipale Wysigingsordonnansie 1933.

Ord. No. 4 van 1933.]

ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die wysiging van die wet betreffende die brandmerking van vee.

(Goedgekeur 5 Junie 1933.)
(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika as volg:—

1. Subartikel (1) van artikel *elf* van die Veebrandmerke-Ordonnansie 1931 (Ordonnansie No. 8 van 1931) word hierby herroep en deur die volgende nuwe subartikel vervang:—

"11. (1) Wanneer 'n dier met 'n geregistreerde brandmerk vir die eerste maal gebrandmerk word, moet die brandmerk op die linker bout gesit word.

As dit om enige rede nodig word om vee te brandmerk, wat alreeds gebrandmerk is, moet die nuwe brandmerk gesit word—

(a) by 'n twede brandmerking op die linker blad;

(b) by 'n derde brandmerking op die linkerkant van die nek;

(c) on a fourth branding on the right hind thigh,

(d) on a fifth branding on the right shoulder,

(e) on a sixth branding on the right side of the neck:

Provided that where animals have been branded with a registered brand, in accordance with the original provisions of sub-section (1) of section *eleven* of the Stock Brands Ordinance, 1931 (Ordinance No. 8 of 1931), the said provisions in so far as they relate to the method and order of branding, shall continue to apply."

2. This Ordinance may be cited as the Stock Brands Ordinance Amendment Ordinance, 1933.

(c) by 'n vierde brandmerking op die regter bout;

(d) by 'n vyfde brandmerking op die regter blad;

(e) by 'n sesde brandmerking op die regterkant van die nek:

Met dien verstande dat, waar diere ooreenkomstig die oorspronklike bepalings van subartikel (1) van artikel *elf* van die Veebrandmerke-Ordonnansie 1931 (Ordonnansie No. 8 van 1931), met 'n geregistreerde brandmerk gebrandmerk is, genoemde bepalings sover as wat hulle betrekking het op die metode en orde van branding, verder van toepassing sal bly."

2. Hierdie Ordonnansie kan aangehaal word as die Veebrandmerke-Ordonnansie Wysigings-Ordonnansie 1933.

Ord. No. 5 of 1933.]

ORDINANCE

To apply a further sum of money towards the service of the financial year ended on the thirty-first day of March, 1932, for the purpose of meeting and covering certain unauthorised expenditure.

(Assented to 5th June, 1933.)

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. The Administration Account of the Territory of South West Africa is hereby charged with the sum of seventeen thousand four hundred and sixty-eight pounds, three shillings and four pence to meet certain expenditure over and above the amount appropriated for the service of the financial year which ended on the thirty-first day of March, 1932. Such expenditure is set forth in the Schedule to this Ordinance and is referred to in paragraph 1, page 17 of the Report (which has been submitted to the Legislative Assembly) of the Controller and Auditor-General on the Accounts of the said financial year and in the First Report of the Select Committee on Public Accounts, 1933.

2. This Ordinance may be cited as the Unauthorised Expenditure (1931—'32) Ordinance, 1933.

SCHEDULE.

No. of Vote.	Title of Vote (on Revenue Account).	Amount.
1.	Administration	£325 13 2
10.	Lands	694 8 10
13.	Pensions and Gratuities . .	502 12 9
15.	Prisons and Reformatories . .	57 1 6
16.	Interest and Redemption charges	11,554 13 5
		£13,134 9 8

No. of Vote.	Title of Vote (on Loan Account).	Amount.
C.	Lands	£2,390 9 10
G.	Loan to Local Authorities . .	1,943 3 10
		£4,333 13 8

Ord. No. 5 van 1933.]

ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n verder geldbedrag vir die diens van die boekjaar, wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1932 geëindig het, tot bestryding en dekking van sekere ongeoutoriseerde uitgawes.

(Goedgekeur 5 Junie 1933.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika, as volg:—

1. Die Administrasierekening van die Gebied Suidwes-Afrika word hiermee belas met die bedrag van sewentien duisend vier honderd agt-en-sestig pond drie sjielings en vier pennies tot dekking van sekere uitgawes bo en behalwe die bedrag beskikbaar gestel vir die diens van die boekjaar, wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1932 geëindig het. Hierdie uitgawes word uiteengesit in die Bylae tot hierdie Ordonnansie en word nader omskryf in paragraaf 1, bladsy 17, van die Verslag (aan die Wetgewende Vergadering voorgelê) van die Kontroleur en Auditeur-generaal oor die rekenings vir vermelde boekjaar en in die Eerste Verslag van die Gekose Komitee op Openbare Rekenings 1933.

2. Hierdie Ordonnansie kan vir al die doeleindes aangehaal word as die Ongeoutoriseerde Uitgawes (1931—'32) Ordonnansie 1933.

BYLAE.

No. van Begrotingspos.	Titel van Begrotingspos (op Inkomsterekening).	Bedrag.
1.	Administrasie	£325 13 2
10.	Lande	694 8 10
13.	Pensioene en Gratifikasies . .	502 12 9
15.	Gevangenisse en Verbeteringsgestigte	57 1 6
16.	Rente en Aflossingskoste . .	11,554 13 5
		£13,134 9 8

No. van Begrotingspos.	Titel van Begrotingspos (op Leningsrekening).	Bedrag.
C.	Lande	£2,390 9 10
G.	Lenings aan Plaaslike Besture .	1,943 3 10
		£4,333 13 8

John Meinert Ltd., Windhoek.